

**Dinsdag 18 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 27:23-27**

**Fokusgedeelte: Spreuke 27:23-27 (1983-vertaling)**

**Wees 'n goeie bestuurder van die lewensmiddele en gawes wat God aan jou gee**

**O**ns leef in 'n tyd waarin mense soek na kitsrykdom en leef met 'n verbruikersmentaliteit. Waar niemand meer iets met moeite wil produseer nie, maar net wil ontvang, verbruik en weggooi.

Hierteenoor leer die Here ons in vandag se fokusgedeelte dat Hy vir ons sorg deur vir ons lewensmiddele en gawes te gee wat ons met harde werk en goeie oordeelkundigheid moet bestuur tot ons versorging en vooruitgang. Spreuke 27:18 stel dit so: "Wie sy vyeboom versorg, sal vye hê om te eet; wie omsien na sy werkgewer se belange, sal daarvoor eer ontvang."

Ons moet die werk wat ons gekry het om te doen, noukeurig en goed doen. Ons moet met deeglike beplanning sorg vir verskillende seisoene en voorsiening maak vir tye waarin dit nie goed sal gaan nie. Selfs as ons tye van finansiële voorspoed beleef, moet ons weet dat dit nie vir altyd sal aanhou nie, en dat ons spaarsamig te werk moet gaan. Hiermee waarsku die Here ons terselfdertyd teen luiheid en onverantwoordelikheid wat Hy op ander plekke in Spreuke dikwels aan die orde stel.

Wie fluks en getrou omgaan met die lewensmiddele en gawes wat God tot jou beskikking stel, sal verseker die seën en sorg van die Here beleef soos dit in Psalm 37 beloof word. Net so ook verseker die Here Jesus ons van ons Vader se daaglikse versorging in Matteus 6:25-29.

Maar Jesus waarsku ons en roep ons op tot goeie en getroue rentmeesterskap op grond van sy genadewerk. In Matteus 24:45-51 waarsku Hy dat Hy ons met sy wederkoms getrou aan die werk wil vind met die gawes en verantwoordelikhede waarmee Hy ons begenadig het.

Kom ons leef dan ook vandag dankbaar uit die hand van ons Vader en ons tree op grond van sy genade soos goeie bestuurders op oor wat ons nou gekry het om te doen.

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*